

**9 September**

**1 Johannes 3:18-24; (Teks: 3:21)**

***Vrymoedig om na God te gaan***

Elkeen van ons was al skrikkerig om iemand in die oë te kyk. Onthou maar toe jy eerder gespeel het as om die werkie wat jou ouers jou gegee het te doen. Dan was jy bang as jou pa die aand huis toe kom. In plaas daarvan om hom in te wag by die hek het jy die eerste kontak met hom vermy. Omdat jy ongehoorsaam was het jy jou vrymoedigheid verloor. Jou gewete kla jou aan. Daar is skielik 'n afstand tussen jou en jou pa.

So weet ons ons moet liefde bewys, maar ons weet ook dat ons dikwels nie verder kom as praat oor liefde nie (vers 18). En so maklik kom die bose sirkelgang wat afstand tussen ons en ons Hemelse Vader maak in beweging. Ons vrymoedigheid om na Hom te hardloop raak weg. Ons kontak met Hom word minder - en - ons gewete het nog meer rede om ons aan te kla.

Hoe kom ons uit die bose sirkel uit? Deur gehoorsaamheid.

Wat is die gehoorsaamheid? Deur geloof en liefde.

Ons moet in Jesus Christus glo (vers 23). Jesus het die sonde waarvan jou gewete jou aankla reeds gedra. Wanneer ons teruggaan en vergifnis soek word ons gewete stilgemaak.

Ons moet mekaar liefhê (vers 23). Ons liefde vir mekaar wys hoe God se liefde vir ons lyk. Wanneer ons die liefde begin gee en ontvang dan word ons gewetens stil en groei die sekerheid van God se liefde vir ons.

En wanneer die gewete wat aankla stil word dan het ons vrymoedigheid om na God te gaan.

Sing: Psalm 81:11,12

Ds. W.J. Fourie (Bloemfontein-Wes)